



Getrou in die vuur

Militante het probeer om Asabe se familie en haar geloof te vernietig. God gebruik egter haar getuienis om vergifnis, veerkragtigheid en hoop te inspireer.

[SEPTEMBER/OKTOBER 2026]

Asabe* onthou nog die woorde van die gewapende veewagters:

“Waar is jou God? Hy moet neerdaal sodat ons Hom kan doodmaak voordat ons julle, Sy volgelinge, doodmaak.”

Militante het op 14 April 2025, omstreeks middernag, haar gemeenskap in die Plateau-staat van Noord-Nigerië bestorm. Sy en haar kinders het in verskillende kamers geslaap toe die geluid van skote hulle wakker gemaak het. Voordat sy en haar man, Moses*, kon reageer, was die

**Representative name used*

mans by hul deur.

Daardie nag het die militante Asabe se 14-jarige seun, Jerry*, en sy jonger broers, James* (10) en Jacob* (2) brutaal doodgemaak.

Asabe, haar jong dogter, Joanna*, en haar skoonma het in die badkamer geskuil. Moses het in die plafon weggekruip, wetende dat hy volgende doodgemaak sou word.

Die aanvallers het die huis aan

die brand gestee en Asabe en haar oorblywende familieleden binne-in gelos om dood te brand. Toe die hitte van die vlamme ondraaglik geword het, het sy dit gewaag om uit te gaan. Toe sy om hulp skreeu, het die dorpsbewoners hulle kom help. Toe het sy onthou dat Moses nog in die huis was...

“Ek het toegekyk hoe my bure my man in hul arms uitdra,” sê sy. Daardie nag het Asabe ’n weduwee en enkelouer geword.

vervolg op bladsy 2



Asabe en haar sesjarige dogter, Joanna.

**“God is die Een wat
ons as weduwees
uitverkies het, en
Hy weet hoe Hy vir
ons sal sorg.”**

’n Kind se vertroosting

Altesaam 52 mense is daardie dag doodgemaak in slegs een van die talle massamoorde wat verlede jaar in Nigerië plaasgevind het. Die geweld is daarop gemik om die Kerk te verlam. Mans word geteiken omdat hulle die versorgers, beskermers en dikwels leiers in die Kerk en gemeenskap is. Jong seuns word doodgemaak om h deel van die Kerk se toekomstige generasie uit te wis.

Op die dag van die massabegraving was Asabe in geen toestand om dit by te woon nie. Haar onvermydelike afwesigheid het dit baie moeilik vir haar gemaak om te rou.

Die jong ma is egter dankbaar vir die vertroosting wat Joanna, haar jongste kind, bring. Al is sy net ses jaar oud, herinner die dogtertjie haar ma aan God se geregtigheid en ewige hoop. “Joanna sê vir my: ‘h Dag sal kom dat God die bese sal bymekaar maak en hulle sal straf.’ Ons is gered, en ek sal eendag weer haar pa en haar boeties sien.”

’n Weduwee se geloof

Vir Asabe het die trauma tot depressie en hoë bloeddruk gelei. Sy het dit in h stadium selfs oorweeg om haar lewe te beëindig. Die woede en bitterheid kon haar maklik verteer het. Geopende Deure se plaaslike vennote het Asabe egter ses maande ná die aanval uitgenooi om deel te wees van h vyfdaagse intensiewe traumasorgprogram.

By die traumasentrum het sy Skrifgebaseerde berading ontvang en h pad saam met versorgers gestap wat haar veilig deur die proses van rou en vergifnis gelei het.

“Dit versterk my om samesyn in die kerk te ervaar en kerkprogramme by te woon,” sê sy, en voeg by dat die Woord van God ook vertroosting gebring het.

“Toe ek teruggekeer het van die genesingsprogram, was ek só bly oor die onderrig wat ek ontvang het,” sê sy. Vandag is Asabe selfs in staat om met Fulani-mense te praat en God

met hulle te bespreek.

Sy ontvang steeds ondersteuning en versorging van Geopende Deure-vennote, is meer gemotiveerd om ander te dien en is deel van h groep vir weduwees. “God het my self gekies en my in h groep weduwees geplaas sodat ons mekaar kan bemoedig,” verduidelik sy. “Ons sê vir God dat ons dankbaar is, want ons het nie self besluit om weduwees te word nie. Hy is egter die Een wat ons uitverkies het, en Hy weet hoe Hy vir ons sal sorg.”

Hierdie getroue weduwee se gebed is duidelik: “God het my hier geplaas vir h doel, en ek vra Hom om my te help om dit te vervul.”

In Noord-Nigerië benodig Christene soos Asabe geïntegreerde hulp om getroue getuies te bly. Geopende Deure help Christene om lewens te lei wat God verheerlik deur noodleniging, traumasorg, ondersteuning aan weduwees en sosio-ekonomiese ontwikkeling.

Om uit te vind hoe jy hulle kan bystaan, besoek https://www.opendoors.org.za/campaigns_and_events/arise-africa/

Jou ondersteuning in aksie

'n Oorsig van hoe jou geskenke en gebede vervolgde Christene in sub-Sahara Afrika help.

“KYK HIERDIE GESKENKE!”



Verteenwoordigende foto.

In Maand ná die dodelike aanval op Asabe se gemeenskap in Noord-Nigerië het Geopende Deure se plaaslike vennote die behoeftes beoordeel en, benewens traumasorg, voedselondersteuning en ander lewensmiddels soos klere verskaf, wat families nodig het om van voor af te begin.

Ongeveer 150 Christelike families, insluitend Asabe s'n, het 100kg mielies, 25kg rys, 25kg boontjies en geld ontvang om goetmiddels en olie te koop.

Dit was h somber, maar tog blymoedige, oomblik vir die gemeenskap in rou terwyl hulle hul pyn onthou het, maar God vir die hulp bedank het. Hulle het Hom saam geloof omdat Hy hierdie onverwagse hulp gestuur het – h tasbare weerspieëling van Jesus se liefde vir hulle.

“Ek dank God vir die Christelike geloof,” sê Asabe. “Ek is met kos gehelp. Ek het selfs nie my eie geld gebruik om die klere wat ek dra te koop nie. Kyk hierdie geskenke, almal doen dit vanweë God. Mag ons in ons geloof versterk word wanneer ons dit ontvang.”

Gelowiges wat swaarkry, weet danksy dié ondersteuning dat hulle nie alleen is nie en dat die wêreldwye Kerk saam met hulle staan.

Terwyl sy na haar sesjarige dogter kyk, het Asabe gedeel hoe hierdie hulp en die vrygewigheid daaragter ook h kragtige boodskap vir Joanna is.

“Joanna is my jongste, maar ek sal by haar gaan sit en vir haar sê dat selfs die hulp wat ons gekry het toe die aanval gebeur het, van mense gekom het wat ons geken het en ook van dié wat ons nie ken nie. En ek sal vir haar sê: ‘Doen jou bes sodat jy eendag ander kan help.’”

BOODSKAPPE VAN DANKBAARHEID

UIT DIE DRK



“Ons moet dikwels ons lewens waag om na ons plase terug te keer vir kos. Baie mense is al aangeval.”

Pastoor Lazo* se woorde is h bekende werklikheid vir Christene wat in die Demokratiese Republiek van die Kongo se Noord-Kivu-provinsie woon. Aanhoudende aanvalle deur die Geallieerde Demokratiese Magte (GDM), ekstremiste wat bande met die Islamitiese Staat-groep het, het duisende Christene behoeftig en wanhopig gelaat.

Pastoor Lazo (hierbo uitgebeeld), h pa van vier, en sy familie het gevlug toe die GDM hul dorp aangeval het. Danksy jou ondersteuning het Geopende Deure se plaaslike vennote noodpakkette verskaf aan meer as 233 Christelike families in die DRK. Pastoor Lazo en verskeie ander mense het boodskappe van dankbaarheid gedeel:

“Met die ondersteuning wat ons vandag ontvang het, sal ons h vark koop wat ons kinders eendag sal help onderhou.” – Pastoor Lazo

“h Deel van hierdie ondersteuning sal my kinders voed, en die res sal ons klein onderneming versterk. Baie dankie.” – Rosaliya, h ma van sewe*

“Vandag het ek ondersteuning en h Bybel ontvang. Nogmaals en nogmaals dankie.” – Muindo, h nuwe gelowige wat onlangs deur sy familie verstoot is weens sy besluit om Jesus te volg*

“Ek het nooit hierdie hulp verwag nie! Mag julle vrygewigheid honderdvoudig aan julle terugbesorg word.” – Suzanna, wat saam met haar familie van sewe ontwortel is*

h Ander ontvanger, Tsongo*, som die emosies van die dag op: *“Die ondersteuning wat ons vandag ontvang het, sal ons help om te oorleef. Mag God julle seën.”*

Ontmoet Badoo*

Toe militante haar plaaslike gemeenskap in Benue-staat, Nigerië, aangeval het, het sy en haar familie van hul huis weggevlug. Badoo, wat op daardie tydsweg swanger was en vyf ander kinders gehad het, het deur die nag gehardloop, wanhopig om van die brutale aanval te ontsnap.

Uiteindelik het sy en haar familie veiligheid gevind in 'n kamp vir interne ontwortelde mense. Die kamp het skuiling en 'n mate van sekuriteit gebied, maar andersins min.

“Die lewe is moeilik in die kampe,” sê sy. “Daar is geen lopende water nie, geen behoorlike toiletstelsels nie en dit is baie vuil. Ons tydelike huis was van bamboes en 'n muskietnet gemaak. Sô het ons gelewe en probeer om saam met ons kinders te oorleef.”

Badoo het uiteindelik in die kamp geboorte gegee. Met ses kinders om te voed en geen inkomste nie, het haar familie se toekoms donker gelyk.

Dit was egter toe wat God jou ondersteuning gebruik het om vir Badoo en haar familie te sorg.



Geopende Deure het deur ons plaaslike vennote hulp en ondersteuning aan IDP-kampe gelewer en 'n lewensonderhoud-ondersteuningsprogram vir 250 families aangebied. Badoo is vir 'n beroepsopleiding ingeskryf. Sy het ook naaldwerk-toerusting en finansiële ondersteuning ontvang om 'n winkel te huur.

“Ek het nooit voorheen geweet hoe om naaldwerk te doen nie,” deel sy. “Maar ek is baie goed opgelei.” Die jong ma kon haar familie uit die kamp verskuif en in 'n klein woonstel intrek. En sy kan boonop nou die geld betaal om haar kinders terug skool toe te stuur.

Badoo het 'n spesiale seënswens vir jou: “Mag God jou oorfloediglik seën vir die hulp wat jy vir die armes en ontworteldes gebring het,” sê sy. “Dankie dat jy lig in my lewe teruggebring het.”

Ons het jou stem nodig!

Sedert die bekendstelling van Geopende Deure se *Arise Africa*-veldtog het meer as 1,2 miljoen dade van ondersteuning Christene regoor sub-Sahara Afrika bereik wat deur geweld geraak is (van 2023 tot 2025). Slegs in 2025 alleen het jou gebede en geskenke genesing gebring deur 345 455 dade van ondersteuning.

Agt elke daad van diens is 'n persoon wie se lewe aangeraak is – 'n familie wat noodleniging ontvang, 'n gelowige wat traumasorg kry of 'n kerk wat ná 'n aanval herbou word.

Hierdie mylpale is slegs moontlik danksy getroue ondersteuners soos jy wat bid, gee en saam met jou vervolgte familie staan.

As jy nog nie die *Arise Africa*-petisie onderteken het nie, besoek asseblief www.opendoors.org.za/arise-africa-petition om jou naam by te voeg. Sal jy dit ook



Weduwees vind samesyn en genesing deur traumasorg.

oorweeg om dit met jou vriende te deel? Ons wil teen die einde van 2026 een miljoen handtekeninge aan wêreldleiers oorhandig. En ons het j^{ou} stem nodig!

Dankie dat jy deel is van wat God deur *Arise Africa* doen.

*Verteenwoordigende name word deurlopend in hierdie nuusbrieff vir veiligheidsredes gebruik.